

Groot verwarring bestaan oor die korrekte terminologie wat van toepassing is wanneer 'n weermagsdeel die vryheid van toegang tot 'n stad of dorp ontvang. Daar word byvoorbeeld in hierdie verband dikwels verwys na "vryheid van die stad" ("freedom of the city"), terwyl die terme "vrye toegang van die stad" en "ere-vryheid van die stad" ook soms gebruik word. Die omskrywing wat die meeste gebruik word, naamlik "vryheid van die stad", is afgelei van die Engelse "freedom of the city". Dit is 'n verkeerde afleiding, aangesien "freedom of the city" deur *The Shorter Oxford English Dictionary* gedefinieer word as "citizenship of a town or city often conferred honoris causa upon eminent persons".⁴⁴ Omdat "freedom of the city" (ereburgerskap) slegs aan individue toegeken word en nie aan weermageenhede nie, kan hierdie omskrywing nie gebruik word nie. Daar is reeds aangetoon dat dit in hierdie verband in die eerste plek gaan oor 'n vergunning aan 'n bepaalde eenheid of regiment om 'n stad of dorp se grense oor te steek en daar deur te marsjeer. Die 1971-uitgawe van die seremoniële handboek van die SAW verwys ook verkeerdelik na "vryheid van 'n stad of dorp". Die Engelse vertaling hiervan in dieselfde handboek, naamlik "freedom of entry into a city or town",⁴⁵ is egter korrek en behoort in Afrikaans "vryheid van toegang tot 'n stad of dorp" te wees. ☐

⁴⁴ *The Shorter Oxford English Dictionary* (Oxford, 1959), p. 748. My kursivering.

⁴⁵ SUID-AFRIKAANSE WEERMAG, *Seremoniële handboek* (1971), p. 308. My kursivering.

BOEKBESPREKINGS/ BOOK REVIEWS

G.D.B. DE VILLIERS. *Die maonlike ligging van die ou Franse Hugenote kerkie (1694-1716) met sy Oude Kerk Grond en die historiese omliggende plase te Drakenstein*. NG Sendingpers: Bloemfontein, 1984. 76 pp. Geïllustreerd.

De Villiers se werk sal verwelkom word deur Kaapse historici by wie daar nog altyd twyfel bestaan het oor die presiese ligging van die eerste Hugenote kerkie in die Drakensteinvallei. Die gemeente Drakenstein is in 1691 gestig en die kerkie is van 1694 tot 1716 deur dié gemeente gebruik. In die inleidende hoofstuk word die plaas *Babylonstoren* (Simondium) en die oorspronklike plase van die proefplaas *Bien Donné* (Groot-Drakenstein) onder die vergrootglas geplaas. Dié gedeeltes hou weinig verband met die sentrale tema van die werk en doen beslis afbreuk aan die kontinuïteit daarvan.

Hoofstuk 2 skets in breë trekke die totstandkoming van Het Sticht Simondium (tans Laerskool Pierre Simond) en die verband tussen dié skool en die Oude Franse Kerk Grond. Op 'n transportkaart van 1852 word die skoolgrond (ongeveer 2½ morg/2 hektaar) aangedui as 'n deel van die Oude Kerk Grond (48 morg/ongeveer 41 hektaar). Ongelukkig wyk die skrywer van die sentrale tema af en word die eietydse geskiedenis van Laerskool Pierre Simond in te veel detail behandel.

In hoofstuk 3 word die ontstaan en maonlike ligging van die kerkie geskets. Met behulp van onder andere 'n kaart van die V.O.C. en die eerste notuleboek van Het Sticht Simondium het die skrywer vasgestel dat die kerkie ongeveer 120 meter wes van die woonhuis van die plaas Rust-en-Vrede geleë was. Dié woonhuis is in 1815 gebou en word steeds bewoon. In hierdie gedeelte bestee die skrywer egter te veel aandag aan die verduideliking van sy navorsingstegnieke en aan die geskiedenis van die gemeente Drakenstein.

Die langste hoofstuk word gewy aan die waarskynlike ligging van die ou kerkgrond wat in 1694 aan die gemeente Drakenstein toegeken is. In dié verband word breedvoerig verwys na die historiese aangrensende plase suid en noord van Het Sticht Simondium en rondom die Oude Kerk. Ongelukkig word die sentrale tema weer eens deur onnodige detail, naamlik biografiese besonderhede oor die grondeienaars, oor die agtergrond geskuif.

Tipografies is die publikasie redelik netjies, maar sommige van die kaarte en foto's kon tegnies beter versorg gewees het. Ten spyte hiervan is die ses kaarte 'n belangrike bron van inligting. Uit die teks is dit duidelik dat die skrywer geen moeite ontsien het om bronne op te spoor nie en dat hy ter plaatse ondersoek ingestel het. Dit is jammer dat daar in die werk geen verwysings na bronne (voetnote) of 'n bronnelys is nie, aangesien die skrywer in die teks na verskeie "interessante" bronne verwys. Nieteenstaande hierdie leemte is die meeste van die skrywer se argumente en interpretasies suiwer.

Ofskoon die taalgebruik oor die algemeen bevredigend is, maak die skrywer te veel gebruik van uitdrukkinge soos *om geskiedkundige redes word eerstens verwys na, om historiese redes word vervolgens lig gewerp op en vervolgens word kortliks*. . . (vergeelyk pp. 2, 3 en 4). Die belangrikste kritiek teen die werk is egter dat daar dikwels van die sentrale tema afgewyk word om detail te verskaf wat nie werklik nodig is vir die ontplooiing van argumente nie.

In sy geheel gesien, is hierdie 'n bydrae waarop prof. De Villiers trots kan wees, hoofsaaklik omdat hy antwoorde verskaf op vrae wat nog nie juis deur professionele historici beantwoord is nie. Dit is 'n bron wat met vrug geraadpleeg kan word deur historici wat in die geskiedenis van die Drakensteinvallei belangstel.

P. VAN BREDA
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

K. SCHOEMAN (samesteller). *Bibliografie van die Oranje-Vrystaat tot 31 Mei 1910*. Suid-Afrikaanse Biblioteek (Grey-bibliografieë no. 13): Kaapstad, 1984. 226 pp. Prys onvermeld. ISBN 0 86968 039 0.

Die naam Karel Schoeman is deesdae feitlik sinoniem met die geskiedenis van veral die 19de-eeuse Vrystaatse samelewing. Hierdie gevierde roman-skrywer het die afgelope paar jaar gewis vir hom 'n staanplek verwerf in die geleedere van historici en ander wetenskaplikes wat die eertydse "model-republiek" as tema vir hul navorsing of belangstelling gekies het. Uit sy pen het al 'n hele rits artikels en publikasies gevloei; afgesien van sy verdienstelike werk oor die hoofstad Bloemfontein het hy hom onder meer toegespits op biografiese sketse en bronnestudies oor sowel bekende as obscure Vrystaters. Maar sy historiese "repertoire" bevat ook uiteenlopende ander bydraes oor aspekte soos die Vrystaatse argitektuur, toneel en nuusblaai.

Dit spreek eintlik vanself dat Schoeman in sy navorsing uit 'n groot aantal bronne geput het en dat bibliografiese besonderhede hieromtrent mettertyd tot 'n private "kartoteek" en 'n soort mini-katalogus sou aangroei. Hierdie publikasie kan dus wesenlik beskou word as 'n direkte uitvloeisel van sy bestudering van die Vrystaatse verlede. En wat 'n onmiskenbare stempel van deeglikheid, wetenskaplikheid en 'n prysenswaardige speursin dra die eindprodukt nie!

In dié bibliografie word inderdaad 'n wye terrein gedek. Volgens die samesteller het hy "alle maonlike bronne nagegaan ten einde die ontwikkeling van die Vrystaat sedert die vroegste tye in al sy volheid en verskeidenheid te probeer weergee" (voorwoord). Dat hierdie doelstelling grootliks werklik is, blyk uit die nagenoeg 2 600 geannoteerde inskrywings wat die volgende insluit: gedrukte en afgerolde materiaal wat tot einde 1983 verskyn het in die vorm van boeke, brosjures, vlugskrifte, plakboeke, jaarboeke, adres- en beroepslyste, gidsboeke, programme, koerante, tydskrifte en artikels in periodieke werke, asook ongepubliseerde verhandelinge en proefskrifte. Manuskripmateriaal en staatspublikasies is nie opgeneem nie, ook nie fiksie, poësie, toneel, kaarte, musiek, kinder- en skoolboeke nie.

'n Verblydende aspek van die publikasie is die feit dat Schoeman die klem nie — soos dikwels in bibliografiese werke van hierdie aard — censydig op die politieke geskiedenis plaas nie. (In 'n bibliografie oor die Oranje-Vrystaat wat in 1954 deur M.C.E. van Schoor en S.I. Malan opgestel is, was dit in hoë mate wel die geval). Sy benadering is ruim en omvat benevens die politieke, ook die sosio-ekonomiese en -kulturele ontwikkeling van alle gemeenskappe in die gebied. Sodoende ontsnap hy terselfdertyd aan die neiging by sommige skrywers om slegs 'n blanksentriese beeld van 'n gemeenskap voor te hou.

Wat die inhoud en wyse van aanbieding betref, kan met enkele algemene opmerkings volstaan word. Die teks en register van skrywers en onderwerpe is in Engels met 'n Afrikaans-Engels-vertalende lys van onderwerphoofde